

Kruispad e-tydskrif Junie 2022

Maak seker jou prioriteite is reg

Niks maak mens se oë so oop soos om 'n [Kruispad e-tydskrif oor prioriteite](#) te lewer nie! Ewe skielik is mens baie bewus van hoe jy jou tyd gebruik. So is hierdie artikels verdraag deur uitstel weens siekte, kragonderbrekings, te veel werk én onsekerheid om maar 'n paar te noem. Enige ander maand sou dit sekerlik nie so opvallend gewees het nie.

Oorspronklik wou ons nie op prioriteite fokus nie, maar op uitstel. Hoewel ons werk deur ons omgewing beïnvloed word, is daar die probleem dat mens 'n gewoonte kan ontwikkel om uit te stel. Die Engelse woord "procrastination" vat dit so lekker saam. Mense is geneig om uitstel af te maak as luiheid, maar daar is soveel ander redes ook daarvoor. Ons kan uitstel as gevolg daarvan dat ons oorweldig is, depressief is, te perfeksionisties is, dat ons aandag maklik afgelei word, ons prioriteite verkeerd is, of selfs dat ons uitgebrand het van te veel werk.

As ons egter op uitstel fokus, sien ons al die negatiewe dinge om ons raak. Daarom het ons dit omgedraai en op die positiewe gefokus: Wat móét ons doen? Wat móét ons prioriteite wees? Die Bybel gee vir ons duidelike antwoorde hieroor. Dink maar aan Kolossense 3:2 wat kortliks sê: "*Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is ...*" Verder in Kolossense word dit beklemtoon: "*Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie,*" (Kolossense 3:23).

Dit is eintlik só eenvoudig – waar daar menigte redes is waarom ons uitstel, is daar één prioriteit wat ons moet hê: "*Dien God en gehoorsaam sy geboorte. Dit is wat van die mens gevra word,*" (Prediker 12:13). Dink daaraan elke keer as jy besef dat jy uitstel: Is jy besig om die Here te dien wat met jy doen?

Vriendelike groete

Kruispad-redaksie

Die Here moet én kan ons eerste prioriteit wees

Ons het dikwels te min tyd vir as wat ons moet doen – daarom prioritiseer ons. Uit Haggai leer ons dat die Here ons eerste prioriteit moet én kan wees. [Lees die artikel hier](#).

Wat sê die Bybel mag ons nooit uitstel nie?

Die Bybel gee baie voorbeelde van wat ons nie mag uitstel nie – die belangrikste hiervan is om ons saak met die Here reg te stel. [Lees hier](#).

Wat moet 'n Christen se grootste prioriteit wees?

Matteus 6:33 leer ons dat ons as gelowiges eers die koninkryk van God moet soek. [Lees hier wat dit beteken](#).

Wat moet ons prioriteite as kinders van God wees?

Ons prioriteit moet in alle opsigte die Here en die diens aan Hom wees. [Lees hier](#) wat ons leer uit die verhaal van Marta en Maria in Lukas 10.

Wat wil die Here hê moet ek met my tyd doen?

Elke sekonde van ons tyd behoort aan die Here. [Lees hier](#) hoe ons as gelowiges, volgens Efesiërs 5, in die lig van die Here moet lewe.

Hoe vind ek balans tussen werk en rus?

Vanaf die begin van die Bybel kry ons God se voorbeeld van werk en rus. [Lees hier](#) hoekom ons Hom deur ons werk én ons rus moet verheerlik.